## My seun word gewond

Tant Nonnie de la Rey vertel.

Op Sondag 26 Desember was dit die verjaarsdag van my seun Adriaan Johannes. Hy sou toe 19 jaar oud wees. Toe ek Sondagmôre in die dorp kom, loop ek twee van my susters raak wat van die plaas af gekom het om die kerkdiens op die dorp by te woon. Ons het van Adriaan gepraat en gewonder hoe dit met hom op sy verjaarsdag gaan en met hartseer aan hom gedink.

…Dinsdagaand het ek ʻn telegram ontvang dat dit met almal nog goed gaan. Ek was bly om dit te hoor, maar tog kon ek daardie nag van onrus nie slaap nie. Ek was bevrees dat daar iets gebeur het. Ek het op my bed gesit en naderhand in my droefheid die Here ernstig gebid om my tog in staat te stel om beproewings wat oor my mag kom, te kan dra en om tog te gee dat ek die nag verder kan slaap.

Ek het die volgende oggend met dieselfde beklemmende gevoel wakker geword. Daar het ʻn verkwikkende reëntjie begin val en toe dit opklaar, het ek buite rondgestap, want ek het binne die huis vasgedruk gevoel en nie geweet wat ek moes doen nie.

Toe gewaar ek vir juffrou Martins wat in die agterplaas van my huis na my toe aangestap kom. My eerste gedagte was, wat sal ek tog vanmôre hoor? Toe sy by my kom, sê sy: “Nonnie, ek bring ʻn droewige tyding. Ek het ʻn telegram van generaal De la Rey ontvang met hierdie woorde: ʻVanmôre het ons teer geliefde seun Adriaan sag in my arms gesterf, aan ʻn wond wat hy gister opgedoen het in ʻn hewige geveg en hy sal vandag te Jacobsdal begrawe word.’”

Ag, hoe hartverskeurend was dit nie vir my nie, maar aan die voete van Jesus is daar altyd troos te vind. Almal in Lichtenburg het hom geken en liefgehad. Hulle het ʻn vriend en ek my seun verloor.

Daardie Sondag het ds. Du Toit van Lichtenburg vir sy preek Openbaring 21:7 as teks geneem: “en Ek sal vir hom ʻn God wees, en hy sal vir My ʻn seun wees.” Hy het gesê dat die Here hom meer nodig gehad het as ons.

Veertien dae na sy dood het ek sy pa en sy broer gaan besoek. Na ʻn vierdaagse reis was ek naby die Vaalrivier Ek hoor toe ʻn vreeslike kanongebulder, want die groot geveg by Magersfontein was toe aan die gang. Ek het gewonder wie se beurt dit weer daardie môre sou wees om sy lewe te gee.

Ek het verneem dat my man en my seun in die omgewing van Kimberley was, maar toe ek daar kom, was hulle reeds weg om na my te gaan soek, sodat ons mekaar misgery het. Maar ek het my broer, Jan Greeff, daar raakgeloop wat my toe alles kon vertel van my seun se dood.

Dit was glo ʻn groot geveg wat die hele dag aangehou het. Alhoewel hy op die terrein was waar dit die kwaaiste gewoed het, was hy ongedeerd, maar daardie aand met sononder, toe hy saam met sy vader gestap het, het ʻn bom tussen hulle twee gebars. Hy het gevra of sy pa nie getref is nie, maar generaal De la Rey het gesê, nee, gelukkig nie.

Hulle het nog sowat 150 tree ver gestap, toe Adriaan gaan sit en sê dat die bom wat gebars het, hom getref het. Ondersoek het aangetoon dat hy in sy regtersy gewond was. Sy pa het hom ‘n ent gedra voordat hulp opgedaag het en hulle hom in ‘n kar na die hospitaal kon neem.

Hulle het die oggend om vieruur by Jacobsdal aangekom. Die dokter het gesê dat hy na ontbyt sal kom om die koeël te verwyder. Adriaan het die hele nag net ‘n bietjie water oor sy lippe gehad. Hulle gee hom toe ‘n bietjie koffie.

Hy het sy pa gevra om hom te help om die koffie te drink, maar toe sy pa hom regop tel, sien hy dat sy seun reeds sterwende was en vra toe of hy nie nog iets wou sê nie. Adriaan kon nog antwoord: “Nee my vader, lê my maar neer,” en blaas daarop sy laaste asem uit.

Ons seun was nie meer nie.

………………………….

Byskrif: Genl. De la Rey het later ontdek dat hy wel ook deur die arstende bom getref is, in sy arm. Hy het baie pyn gehad van die wond, maar na ‘n tyd het dit darem weer herstel.

………………………….

Bron: Die Herinneringe van Mev. De la Rey gebore Greeff; My omswerwinge en Beproewings gedurende die Oorlog 1899-1902; soos vertaal uit Nederlands deur J.P. Botha; 2002.